



Koeksister-Projek: Maak Jou Dorp Veerkragtig



Wat Is Veerkragtigheid En Hoe Lyk 'n Veerkragtige Dorp?

Verduideliking van veerkragtigheid: Dit is die vermoen van 'n stelsel, soos 'n plaaslike ekonomie of gemeenskap, om skok te weerstaan. Dit is die vermoen om te buig, te verander en in enige gegewe situasie op ons voete te dink. Veerkragtigheid is nie 'n doelwit nie, eerder 'n proses, en dit moet ons leer om terselfdertyd aan te pas en voor te berei om te transformeer. Boonop moet veerkragtigheid nie gesien word as 'n manier om die ergste uitkomst te vermy nie, maar eerder as 'n geleentheid om ons leefwyse te verander en om meer gelyke ekonomiese modelle te skep terwyl ons die omgewing oppas.

Veerkragtige dorpe en gemeenskappe is plekke waar alle inwoners kan floreer – waar ons in die behoeftes van alle inwoners in 'n dorp kan voorsien terwyl ons ook ons omgewingsimpak in ag neem.

Waarom Wil Ons 'n Dorp Hk Wat Veerkragtig Is?

Covid-19 en weersgebeurtenisse, soos droogtes, het ons geleer dat ons gemeenskappe nie sterk genoeg is om skokke vir ons ekonomie, beurtkrag en gebeurtenisse soos oorstromings en droogtes die hoof te bied nie. Selfs voor Covid-19 het ons ongelykheid, werkloosheid en armoede gehad. Ons bestaande maatskaplike, politieke en ekonomiese stelsels is nie in staat om hierdie probleme op te los nie.

Hoe Kan Ons Ons Dorp Meer Veerkragtig Maak?

Ons pas die Koeksister toe. Die Koeksister word van drie stringe gemaak wat aanmekaar gevleg word.


Ons moet drie konsepte saamvleg om 'n Koeksister, of 'n Suid-Afrikaanse model, te vorm om 'n volhoubare ekonomie vir ons dorpe te bou. Die drie konsepte is:

1. Oliebol-ekonomie (Doughnut economics)
2. Oorgangsdorpe
3. Gemeenskaplikheid.



1.Oliebol-Ekonomie

Oliebol-ekonomie is 'n raamwerk of 'n alternatiewe ekonomiese manier om die mensdom se 21ste eeuse uitdagings te identifiseer, deur die konsep van planetkre grense of probleme in die omgewing met ons maatskaplike uitdagings te kombineer. Die Oliebol gee vir ons die 'Geheelbeeld' sodat ons ons probleme of uitdagings kan verstaan en oplossings vir hierdie uitdagings kan vind, wat 'n gebalanseerde wkreld ondersteun waarin mense en die planeet kan floreer.



Die maatskaplike fondasie en ekologiese plafon toon 'n veilige en regverdige ruimte vir die mensdom.

2.Oorgangsdorpe

Die Oorgangsdorpe-beweging het in die VK begin. Oorgangsdorpe het uit die permakultuur- en lokaliseringbeweging ontstaan, terwyl hulle inspirasie uit feminisme en inheemse kulture geput het.

Die Oorgangsdorpe-beweging is geskep om op klimaatsverandering te reageer. Die krag daarvan lê daarin om die mensdom se uitdagings op 'n positiewe wyse te verander om iets nuuts en spesiaals te doen en dit is 'n beweging van gemeenskappe wat ons wkreld heroorweeg en herbou. Hulle vra: “Watter plan van aksie maak die meeste sin in die konteks van ons uitdagings, deur so min moontlik hulpbronne te gebruik?”

Die Oorgangsdorpe-beweging se benadering konsentreer op:

- **Lokalisering**
- **Veerkragtigheid**
- **Laekoolstofprojekte**
- **Gemeenskapshulpbronne**
- **Natuurlike perke (nie bloot vir persoonlike verryking nie)**



'n Belangrike deel van die Oorgangsdorpe-beweging was die REconomy-projek. REconomy ontwikkel instrumente en maniere om gemeenskappe te help om idees te ontwikkel vir hoe om belangrike gebiede van plaaslike ekonomieën te herlokalisier (’n samelewing te bou wat op plaaslike produksie van goedere geskoei is). Dit gebruik ’n ekonomiese evalueringsinstrument wat aandui hoeveel inkomste en hoeveel werksgeleenthede ’n gelokalisierde ekonomie kan voortbring.

Deur die REconomy se ekonomiese evalueringsinstrument toe te pas, sal ons probeer om die volgende vrae te beantwoord:

- **Watter soort inkomste en ondernemings is nodig in ’n koolstof-gefokusde, ekonomies strawwe en ongelyke samelewing? Hoe kan ons toestande skep om ekonomieën in klein dorpieë te herlokalisier?**
- **Wat is die moontlike positiewe en negatiewe gevolge van die herlokalisering van ’n dorp se ekonomie?**
- **Kan ons die hande verwisseling van fondse in die plaaslike ekonomie van Suid-Afrikaanse dorpe laat toeneem en hoe sal ons dit doen?**
- **Wat is die moontlikheid vir werkskepping as die ekonomie in dorpe in Suid-Afrika geherlokalisier word?**

Oorgangsdorpe: Watter Rigting Kan Ons Inslaan Vir Dorpe In Suid-Afrika?

Die Koeksister-projek sal na vier belangrike gebiede kyk:

- **Voedsel**
- **Energiebronne**
- **Die verandering van huise om hulle beter by uiterste weerstoestande aan te pas**
- **’n Ekonomie wat omgee vir sy mense.**



Dan ons dit publieke inligting gebruik om 'n prentjie te skets van wat elke sektor werd kan wees as ons die vraag na produkte en dienste deur mense en plaaslike ondernemings ontwikkel en verskaffingskettings nader aan die huis gebruik.

Vir elke gebied sal ons die potensiaal vir werkskepping, die finansiële impak vir plaaslike en streeksontwikkeling, goed wat herlokalisering verhoed en waar geld die plaaslike ekonomie verlaat, identifiseer.

3. Wat Is Gemeenskaplikheid?

Gemeenskaplikheid word beskryf as 'n bestuurstelsel of hoe gemeenskappe hul hulpbronne sowel as die gemeenskap self kan oppas. Gemeenskaplikheid identifiseer sosiale standaarde en gebruike van hoe goed gedoen word om hulpbronne op te pas en om konflik te verlig en op te los. Dit moedig inwoners aan om saam te werk deur behulpsume gedrag te gebruik en plaas sanksies op diegene wat onbehulpsume gedrag toon of nie die reëls volg waarop die gemeenskap ooreenkom nie.



Die Belangrikheid Van Samewerking En Samewerkende Verhoudings

Die waarskynlikste ding wat sal beïnvloed hoe ons gemeenskappe deur komplekse krisisse sal kom, is die kwaliteit van verhoudings tussen lede. Baie hang daarvan af of ons pro-sosiale houdings en reaksies openbaar, terwyl ons blaam en paniek ontmoedig.

Almal moet verstaan dat ons almal in dieselfde bootjie is. Dit is slegs deur saam te staan dat ons kan hoop om dít wat die kosbaarste in ons wêreld is, te red en te beskerm en om ons lewens oor die langtermyn te verbeter. 'n Sprekende voorbeeld van samewerkende verhoudings is hoe bye saamwerk om die korf aan die gang te hou.

Hoe Kan Jy Betrokke Raak?

Sluit aan by 'n reeks werkswinkels om inligting te deel, besluite te neem en by te dra tot die ontwikkeling van 'n model om jou dorp veerkragtig te maak.

Erkennings

Atkins, P., Wilson, D. & Hayes, S., 2019. Prosocial. 1 ed. Oakland: Context Press.
De Angelis, M., 2019. Commons. In: Pluriverse. New Delhi: s.n., pp. 124-127.
DEAL; Biomimcry 3.8; C40 Cities; Circle Economy, 2020. Creating City Portraits, Oxford: s.n.
Hopkins, R., 2019. Transition Movement. In: Pluriverse. New Delhi: s.n., pp. 317-320.
Hopkins, R. & Thomas, M., 2016. The Essential Guide to Doing Transition, Totnes: Transition Network.
Kothari, A. et al., 2019. Pluriverse- A Post-Development Dictionary. New Delhi: Tulika Books.
Raworth, K., 2017. Doughnut economics: seven ways to think like a 21st century economist. First ed. White River Junction: Chelsea Green Publishing.
Transition Network, 2021. Transition Network

